September 2011 No 34

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Koejawel Resepteboek	2
3.	Bedryfsaangeleenthede	3 - 4
4.	Promotion of Guavas	5 - 6
5.	Bestuur van die Vereniging	7
6.	Ledeheffings / Webwerf	8

KOEJAWEL RESEPTEBOEK

Die Vereniging het sy eie Koejawel Resepteboek uitgegee!
Dit is voorwaar 'n mylpaal in die koejawelbedryf se bestaan en 'n trotse gebeurtenis. Die resepte en foto's is van uitstaande gehalte.

Die resepteboek besing die koejawel as die "Natuur se Wondervrug". Nie net alleen word daar koejawelresepte gegee nie, maar die koejawelvrug se gesondheidswaarde en veeldoeligheid word beskryf. Die legende, geheime en geskiedenis van die koejawelvrug word vasgevang in interessante foto's en vertellings. Die goeie eienskappe van koejawels word duidelik uitgelig in hierdie publikasie.

Die resepteboek bestaan uit 40 verskillende resepte wat insluit hoofgeregte, slaaie, warm/koue nageregte en skemerkelkies. Koejawel konfyt, atjar, nektar en bladjang kry ook spesifieke aandag. Die resepteboek wys op die verskeidenheid van gebruike van koejawels wat, onder andere, een van die uitstaande kenmerke van koejawels is.

Die resepte word ondersteun deur pragtige foto's en die drukwerk van die boek is van uitstaande gehalte. Voorwaar 'n aanwins vir elke huis en boekrak. Daar moet ook vermeld word dat die Departement van Handel en Nywerheid hierdie projek finansieël ondersteun het.

Elke lid van die Vereniging ontvang hiermee 'n gratis eksemplaar van ons trotse resepteboek.

Navrae en verdere aankope kan teen R25-00 per boek by die kantoor gedoen word.

BEDRYFSAANGELEENTHEDE

DIE 2011-OESJAAR

Alhoewel alle koejawels nog nie klaar ge-oes is nie, lyk dit of 2011 'n swak oesjaar in terme van volume en gehalte was. 'n Geskatte oes van ±20 000 ton word verwag, wat 20% kleiner is as verlede jaar se oes van 25 000 ton. Die gehalte was ook nie altyd na wense nie en was veral klein vrugte was 'n probleem. Dit was die gevolg van 'n baie droë somer en ongunstige klimaat toestande. Sommige produsente in areas soos Porterville, Wellington en Paarl se produksie was tot 50% af en word daar gepraat van die swakste oes in dekades.
Dit blyk selfs uit inligting dat die Noordelike provinsies 'n kleiner oes gehad het.
Op hierdie stadium lyk dit of marktoestande aan die verbeter is. Goeie gehalte koejawels behaal goeie pryse op die varsmark, terwyl dit lyk of die verwerkingsbedryf meer in balans is wat vraag en aanbod betref.

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE

Die Vereniging het weereens hierdie jaar die Verbruikerstudie Olimpiade van die Universiteit van Stellenbosch ondersteun. Vir 2011 het 4 843 leerders uit 217 skole die eksamen geskryf. Die prysuitdeling vind op Vrydag 30 September 2011 te Infruitec, Stellenbosch plaas en die Vereniging sal ook resepteboeke aan leerders en skole oorhandig. Die doel van hierdie projek is om koejawels te promoveer daar waar dit saak maak by leerders, skole en studente van Verbruikerswetenskap.

CHEMIESE SPUITSTOWWE

Bykans 100 koejawel mosters is vir chemiese spuitstowwe deur Kinnes and Hearshaw Laboratory ontleed. Die uitslae het aan die standaarde voldoen en geen oorskrydings het voorgekom nie. Daar is ook vir swaarmetale by BEMLAB te Somerset-Wes getoets wat ook skoon resultate getoon het.

KOEJAWEL KONGRES

Wêreld belangstelling in koejawels as vrug het gelei tot die beplanning van 'n Koejawel Kongres in Petroliena, Brazilië vanaf 23 tot 25 April 2012.

HOTGRO SA

Die Koejawel Produsente Vereniging het aangesluit as lid van Hotgro SA wat 'n oorkoepelende bedryfsorganisasie vir vrugte is. Sake van gemeenskaplike belang vir die vrugtebedrywe word hier bespreek. Die agenda hanteer items soos :

Arbeidswetgewing
Transformasie / Opleiding
Grondhervorming
Georganiseerde Landbou
Skakeling met Regeringsdepartemente

Die Vereniging behoort ook op hierdie gebied waarde vir sy lede te ontsluit.

PROMOTION OF GUAVAS

The generic promotion of guavas for this year was once again done by LETHU Marketing agency. As been the case over the past three years excellent results were achieved with the limited funds available. The Association funds were supported by the Department of Trade and Industry and specific the PPP Fruit Canning Initiative.

Planned activity for 2011 was limited due to availability of funds. Marketing activity focused on the following :

- ☞ Guava Recipe book production
- ☞ Public Relations drive
- ☞ Distribution of Guava Recipe book
- ☞ Distribution of leaflets with guava packs
- ☞ PPP Generic Canning Campaign
- ☞ Food service campaign
- ☞ Olympiad

1. GUAVA RECIPE BOOK PRODUCTION

The recipe book was produced and printed. Initial response was very favourable. People, including the press, were amazed at the versatility of guavas and of course the nutritional benefits of the fruit. The book will go far in promoting the consumption of guavas.

2. PUBLIC RELATIONS DRIVE

79 Guava recipe books were sent to the top food editors and writers together with a detailed press release in August 2011.

3. DISTRIBUTION OF THE GUAVA RECIPE BOOK

Different Agencies, organisations, outlets and farm stalls are targeted for distribution of the book.

4. DISTRIBUTION OF LEAFLETS WITH GUAVA PACKS

A further batch of the existing leaflets has been distribute to Spar and Shoprite Checkers, for insertion into pre-packed guava packs. Leaflets were also given to farmers/packers.

5. GENERIC CANNING CAMPAIGN

Canned guavas have received good exposure on the Sarie Kook and Home Channel features on cooking with canned fruit.

6. FOOD SERVICE CAMPAIGN

Sir Juice has a supply of leaflets and wobblers for use in hotels, B & B's and restaurants/ coffee shops.

7. OLYMPIAD

The Association is involved with the schools Olympiad in Stellenbosch.

BESTUUR VAN DIE VERENIGING

Tydens die Algemene Jaarvergadering van 11 April 2011 te Klein Drakenstein Laerskool, Paarl, is die area verteenwoordigers, asook die addisionele Bestuurslede soos voorgelê goedgekeur.

Hieronder volg die Bestuurslede van die onderskeie areas :

STREEK	VERTEENWOORDIGERS
Porterville	C C van der Merwe
Paarl / Simondium	A J Joubert
Wellington / Dal Josafat	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	J J P Uys
Mosselbaai/Klein Brakrivier	B Robertson
Verkose Bestuurslede	W Visagie P J Malherbe

Verder is die Voorsitter en Vise-voorsitter verkies op die eersvolgende vergadering van 18 Augustus 2011 te Paarl.

Mnr Dos Joubert is as Voorsitter en mnr Poena Malherbe as Vise-Voorsitter herkies vir die volgende termyn.

U word aangemoedig om met u verteenwoordiger of bestuur te skakel oor koejawel aangeleenthede.
Ondersteun u Vereniging deur aktiewe bydrae.

Besoek ons Webwerf

www.guavaproducers.co.za
Ons webwerf is ook nou is Afrikaans beskikbaar

Skryf vir ons 'n briefie

victor@guavas.co.za

LEDEHEFFINGS

Die Vereniging se ledegeld beloop R12-00 per ton koejawels per jaar, oftewel 1,2c per kilogram koejawels geproduseer. Op plaasvlak betaal die produsent egter slegs R6-00 per ton, terwyl die verwerker die ander R6-00 bydra.

Verwerkers maak die betaling van hul eie bydrae, plus die produsent se bydrae aan die Vereniging direk. Hiervoor is die Vereniging opreg dankbaar teenoor die verwerkers vir hul bydrae, maar ook vir die oorbetaling van die produsent se deel.

Wat die varsverkope van koejawels betref moet die produsent die R6-00 per ton direk aan die Vereniging self oorbetaal. Ons vra dus hiermee u samewerking om die inbetaling van R6-00 per ton (0,6 sent per kg) in die volgende rekening te doen.

Koejawel Produsente Vereniging
ABSA Bank
Paarl
Rekening nommer : 400 159 459

Die Vereniging se voortbestaan hang van u ledeheffing betaling af!!!!!!!

U ondersteuning tot u eie Vereniging word waardeer.